Gerda von MALTITZ – *Artikel uit „Volksblad“ van die 24.8.2001*

Bekende skilder van dorp vier 90 jaar
Mev. Von Maltitz
ENGELA KRUGER en KORRESPONDENT

DEWETSDORP. - Die bekende en beminde skilder van Dewetsdorp, mev. Gerda von Maltitz, het onlangs haar 90ste verjaardag gevier.
Von Maltitz skilder vandat sy drie jaar oud is. Haar werk is al uitgestal in Frankryk, New York, Swede, Duitsland, Texas, Boedapest en Denemarke. Sy het bekendheid verwerf as skilder deur klippe te skilder.
Sy het al meer as 50 keer oorsee gereis en is deur verskeie kunstenaars en skrywers, soos Elsa Joubert, vir haar werk geprys.
Haar eerste verfkwassie was haar eie haarvlegsel en haar ``verf'' waarmee sy geverf het, was stukkies bordkryt wat haar broers en susters vir haar van die skool af huis toe gebring het en wat sy dan met water gemeng het.
Von Maltitz het al die jare in Johannesburg gewoon en het vier jaar gelede op een van hul plase hier, Driefontein, kom aftree. Sy is 'n oudleerling van die Hoër Meisieskool Oranje in Bloemfontein.
Sy is al amper 62 jaar met haar man, dr. At von Maltitz, voorheen die president van die Kamer van Mynwese en voorsitter van die direksie van Anglo-Vaal en stigterslid van die Randse Afrikaanse Universiteit, getroud.

Beeldende Kuns

Downloaded from http://152.111.11.6/argief/berigte/volksblad/2001/08/24/4/9.html